Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 30 Oktober 1946. No. 49.

# VOLKSPERS NODIG TEEN PARTYSKAP EN GELDMAG

## Prof. Du Plessis Loods Veldtog Teen Monopolie

*Prof. L. J. du Plessis, wat sy waardevolle dienste en sakeondervinding aan Perskor toegesê het in die stryd om 'n egte nie-partypolitieke volkspers tot stand te bring wat uiteindelik die monopolie van die groot kapitaal en die partywese op hierdie gebied gaan breek, doen onderstaande oproep. Ons wil hoop dat almal wat hierdie onderneming goedgesind is, dadelik en kragtig sal reageer en die hande sterk van die man wat reeds bewys gelewer het dat wat hy aanpak, hy suksesvol deurvoer.*

By aanvaarding van die voorsitterskap van Persbeleggingskorporasie Bepk. het die Direksie aan ondergetekende opgedra om iets te skryf ter bevordering van die saak en veral van verdere inskrywing tot die kapitaal van die maatskappy.

Dit is noodsaaklik, omdat tot nog toe nouliks die helfte ingeskryf is van wat nodig is om iets tot stand te kan bring wat voorlopig aan die mees dringende behoeftes sal voldoen. **Nog ongeveer £70,000 moet spoedig gelewer word, en ons twyfel ook nie daaraan dat dit gelewer sal word nie, veral noudat die waardevolle dienste van dr. P. J. Meyer verkry is vir die organisasie van die veldtog.**

Vir hierdie doel word 'n beroep gedoen op alle persone wat in volksvereniging die onmisbare voorwaarde sien tot volksredding, en wat volksvereniging nie meer van 'n politieke party verwag nie, maar van 'n beweging wat alle gesonde volkskragte sal saamsnoer tot eenheid van wil en daad.

### ENIGSTE

**So 'n beweging kan op hierdie stadium die beste bevorder word deur die skepping van 'n nie-party-politieke pers wat deur die hele land vormend op die publiek kan inwerk. En die enigste pers van hierdie aard is dié wat beoog word deur ons persbeleggingskorporasie beperk of, kort gesê, deur Perskor.**

Want buite Perskor word die publieke opinie in Suid-Afrika uitsluitlik gevorm deur persorgane wat beheers word deur politieke partye en/of die groot-kapitaal,—en hoe noodlottig die uitwerking daarvan was en is, kan as voldoende bekend aangeneem word.

### VOORUITSIGTE

**Beleggers in hierdie saak sal dus 'n belangrike volksopbouende werk verrig.** Hulle kan wel nie verwag om spoedig groot geldelike opbringste uit hulle belegging te verkry of selfs om spoedig met een of meer groot dagblaaie bedien te word nie. **Maar hulle kan wel vertrou dat die beleid so ingerig word dat binne afsienbare tyd hulle belegging vir hulleself lonend sal word ook in geldelike opsig, en veral deurdat in alle dele van Suid-Afrika boeke, tydskrifte en koerante tot hulle beskikking gestel sal word wat uiteindelik die monopolie van die groot kapitaal en die partywese in die vorming van ons publieke opinie en dus in die bepaling van ons volkstoekoms sal breek.**



PROF. L. J. DU PLESSIS—bind stryd aan teen nog 'n monopolie.

### MOEITE WERD

Om hiertoe mee te werk is sekerlik die moeite en koste werd. Die taak is moeitevol en kosbaar en daarom juis moet die fondamente behoedsaam en selfs tydsaam gelê word. **Maar die versekering word hierby aan alle medewerkers gegee dat die direksie soliede bouwerk sal verrig en dat hulle vertroue onder die seën van die Almagtige nie beskaam sal word nie.** Belangstellendes sal die nadere besonderhede van dr. Meyer en die sekretaris, mnr. J. J. Piek kan verneem (Laasgenoemde se adres is Posbus 1411, Kaapstad).

Hoogagtend u dw.
L. J. DU PLESSIS

### DR. P. J. MEYER ORGANISEER AANDELE-VELDTOG

**Die Direksie van Perskor maak graag bekend dat die voltydse diens van dr. P. J. Meyer, van Johannesburg, verkry is om die spesiale aandele-veldtog vir die verdere uitbreiding van ons persondernemings te organiseer. Dr. Meyer het reeds hiermee begin.**

# 3,000 Pakkies in Twee Weke na Duitsland

**Die aankondiging van die poskantoor dat geskenkpakkette na die Brits-besette gebied van Duitsland gestuur kan word, het luid weerklank gevind oor heel Suid-Afrika en ook Suidwes-Afrika.**

Die hoeveelheid pakkies wat deur die Kaapstadse poskantoor na Duitsland versend word, neem van week tot week toe sodat daar sedert 11 Oktober, toe die pakketdiens in werking getree het, tot verlede week reeds 2,990 pakkies versend is.

Gedurende die eerste week toe die diens in werking getree het, is slegs 157 pakkies ontvang. In die loop van die daaropvolgende week het dit aangegroei tot 613 pakkies. Onmiddellik nadat hierdie pakkette per boot versend is, het uit Johannesburg alleen meer as 600 pakkies met een pos aangekom. Dit is onmiddellik opgevolg deur 40 possakke met pakkies uit Suidwes. Gedurende die afgelope week het die poskantoor 2,220 pakkies vir afsending ontvang. Dit maak die totaal vir drie weke 2,990 pakkies.

Volgens die syfers wat die Kaapstadse poskantoor aan Die O.B. verstrek het, gaan die meeste pakkies na Hamburg. Van die 432 sakke wat gedurende die afgelope week na Duitsland gestuur is, is 160 vir Hamburg bestem.

### POSDISTRIK

Vir die vergemakliking van die versending van die pakkies na Duitsland, is die Brits-besette deel van Duitsland in vier posdistrikte verdeel, t.w. (20, 21 A), Hannover; (21B. 22A) Cologne (Duitsl.); (23) Bremen; (24), Hamburg. Die Kaapstadse poskantoor doen 'n dringende beroep op die publiek wat sodanige geskenkpakkies na Duitsland stuur, om indien hulle bewus is dat die adres waarheen hulle die pakkies stuur in die omgewing van een van hierdie plekke geleë is, die posdistrik te vermeld. Dit sal die werk en aflewering van die pakkies baie bespoedig.

# BLYE HARTE



'n Duitse gesin in Hamburg ondersoek met blydskap die geskenke wat hulle ontvang het nadat toestemming vir oorsese pakkies in die Britse besettingsgebied verleen is.

**WALGLIKHEID BESTENDIG:** Die foto's van die lyke van die opgehangde Duitse leiers sal vir publikasie vrygestel word. Dit gebeur as gevolg van 'n meerderheidsbesluit van die Geallieerde Beheerraad.

# K.G. SAL DR. MALAN TE PAARL ANTWOORD



**Die verjaardagviering van die O.B. se leiers, die K.G., dr. Hans van Rensburg, en die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, wat die aand van 9 November in die Paarlse stadsaal plaasvind, beloof 'n groot dag te wees. Die K.G. sal by hierdie geleentheid antwoord op dr. D. F. Malan se kongres-toespraak insake volkseenheid en samewerking tussen alle nasionale Afrikaners. Honderde Brandwagte van omliggende kommando's word by die geleentheid verwag.**

**Soos in die verlede sal daar weer 'n luisterryke optog wees waaraan die verskillende afdelings van die Ossewabrandwag sal deelneem.**

# Sondagsarbeid Van Duitsers Afgepers


**Aan die vooraand van die Duitse winter gaan die Britse besettingsowerheid die steenkoolrantsoen van die Duitse volk nie net verminder nie, maar ook heeltemal stopsit.**

Steenkool sal miskien net vir die Duitsers beskikbaar wees indien die mynwerkers bereid is om dit op Sondae uit te grawe. Hierdie Sondag-steenkool sal aan die Duitsers verskaf word; die res gaan vir ander doeleindes. Die mynwerkers wat op 'n honger maag moet werk, het tot sover geweier om om bevel van die Britse regering nog op Sondae ook te werk.

# Harry die Huisbouer Soek Kamers te Huur

**Min. Harry Lawrence, wat die volk 'n paar jaar lank laat drome droom het oor 30,000 huise per jaar wat hy sou bou, het hom verlede week weer oor die woningnood uitgespreek toe hy op 'n vergadering in Johannesburg gepleit het vir immigrasie.** Die woningnood, het hy gesê, moet die Unie nie terughou van die invoer van immigrante nie. **In Durban is daar 'n kamp wat in staat is om 2,000 immigrante te huisves, en buitendien hoop hy dat „daar duisende Suid-Afrikaanse gesinne is wat maar te bly sal wees om kamers te verhuur aan jong manne wat bereid is om werk te onderneem."**

Aangesien mnr. Lawrence so graag in terme van duisendes dink, mag hy daaraan herinner word dat in Kaapstad alleen meer as 5,000 gesinne sit en wag op 'n onderdak, en wat die huur van kamers betref, kan ons hom meedeel dat elke ka-



**MNR. HARRY LAWRENCE — Benodig 'n kamer.**

mer wat geadverteer word, binne tien minute na die koerant op straat verskyn het, reeds bespreek is.

**Sy uitlating in Johannesburg openbaar maar net dat hierdie beroepspolitikus net so ver verwyderd staan van die werklikheid as wat sy beloftes van 30,000 huise per jaar gestaan het van die 1089 huise wat in die afgelope drie jaar uit daardie beloftes tevoorskyn gekom het.**

**Nogtans het mnr. Lawrence dermate gevorder dat hy nou darem beskeie genoeg is om 'n kamer te soek vir sy immigrant in plaas van 'n huis!**

## ATTLEE OOR RUSSIESE PERSLEUENS

Die metode waarop die Russiese pers die Russiese bevolking bedrieg ten opsigte van die buitewêreld, is verlede week deur die Britse eerste minister, Attlee, by geleentheid van die wêreldvakbondkongres, gelaak.

Die Britse eerste minister het verklaar dat dit een van die tragedies van die tyd is dat die Russiese pers blykbaar alle samewerking tussen die Russiese volk en die res van die wêreld verhinder.

„Die Russiese nuusblaaie gee fantastiese wanvoorstellings van die wêreld buite Rusland". Hierdeur word daar 'n muur van wantroue opgebou, het hy verklaar.

## MONTAGU IN £100

MONTAGU: Onder die bekwame leiding van kmdt. D. J. Joubert en kmdte. A. T. Burger en met behulp van die vlytige span O.B.-dames het die plaaslike kommando soos gewoonlik pragtig gepresteer met 8 Augustus. **Die opkoms was goed en die pragtige bedrag van £100 is ingesamel.** Genl. M. F. Smith van Robertson het by hierdie geleentheid die aanwesiges onder blyke van groot belangstelling toegespreek en het onder groot toejuiging aangehaal dat dit die eerste keer is dat hy die plaaslike kommando toespreek in hul eie O.B.-saal. Hierdie eiendom is so pas geregistreer onder die naam van: O.B. Edms. Bpk. Die kommando spreek sy groot blydskap en opregte dank uit teenoor komdt. D. J. Joubert wat ingewillig het om nogmaals die verantwoordelikheid vir die leiding van die kommando op sy skouers te neem. —(Korr.)

**BRITSE GEHEIME RAAD:** Die Britse Geheime Raad, die hoogste juridiese liggaam in Brittanje is besig om te beslis of die Britse Dominiums kragtens die Statuut van Westminster die reg het om nog tot die Geheime Raad te appelleer. Die saak spruit voort uit 'n Kanadese geskil.

# *Russe Wreek Nederlaag Met Deportasies*

**Omdat die kommunisties-beheerde Sosialistiese Eenheidsparty so 'n gedugte nederlaag in die pas gehoue Berlynse munisipale verkiesings gely het, pas die Russe nou allerhande wraakmetodes op die Duitse volk toe.**

Nie alleen word die Berlyners van hul voedsel beroof nie, maar hulle word ook op groot skaal na onbekende bestemmings gedeporteer — 'n misdaad waarvoor Duitse leiers twee weke gelede opgehang is.

Honderde tegnici in Berlyn is deur die Russe na 'n onbekende bestemming in die Ooste weggevoer. Die Russiese owerheid het op die eiendom van die gedeporteerde Duitsers beslag gelê. Ook uit ander dele van die Russies-besette deel van Duitsland is groot getalle Duitsers met hul gesinne na Rusland ontvoer.

Uit die omgewing van Dessau is 2,000 arbeiders van die voormalige Junkerfabrieke gedeporteer. Hulle is om 4.30 vm. in kennis gestel om hulle gereed te hou vir deportasie binne vier uur.

### OOK FABRIEKE

Sowat 250 van die 2,000 elektriese tegnici van die Oberspree elektriese werke is ook ontvoer. Die Russe het ook beslag gelê op die masjinerie van hierdie werke. Nog 400 ander arbeiders van ander fabrieke is verwyder.

Hierdie deportasie van burgerlike persone geskied veertien dae nadat die Duitse leiers aan die galg met hul lewe moes boet omdat hulle „burgerlike persone gedeporteer het". Op die „regbank" het onder meer 'n Rus gesit.

### VOEDSEL

Die inwoners van Berlyn is ook verbied om hulle voedselrantsoene aan te vul deur voedsel van boere in die omgewing te koop. Hierdie verbod is in die amptelike orgaan van die Russies-ondersteunde Sosialistiese Eenheidsparty, Neues Deutschlands, aangekondig. Hoewel hierdie party maar derde in die verkiesing gekom het, was sy amptenare in die munisipale kantore verantwoordelik vir die uitvaardiging van die verbod.

### UITSLAG

Die uitslag van die verkiesing was as volg: Sosiale Demokrate 999,170 stemme; Christelike Demokratiese Bond 454,202; Sosialistiese Eenheidsparty 405,992; Liberale Demokrate 192,527. Die Sosialistiese Eenheidsparty (kommuniste) het maar 19.8 persent van die stemme op hulle verenig teenoor 48.7 persent van die Sosiale Demokrate.

Sapa berig dat volgens skatting van die adviserende raad in die Britse gebied daar in die begin van die week reeds meer as 50,000 Duitsers met hul gesinne gedeporteer is. Al vier Duitse partye het beswaar gemaak teen die deportasie en verwydering van fabrieke en die werkers van die Zeissfabriek het aangebied om ekstra ure te werk indien hulle in Duitsland mag bly.

Die Russiese pers se antwoord op die proteste is dat die Angelsaksers ook groot Duitse tegnici gedeporteer het.

## *VIR GEVANGENES*

HUMANSDORP. — Die Tzitzikamma-kommando het op 12 Oktober gesellig byeen gekom. Die verrigtinge is geopen deur komdt. Terblanche, en genl. Rademeyer het ook 'n besielende toespraak gelewer. Die doel van die byeenkoms was om fondse in te samel vir die nege Afrikaners wat in Pretoria opgesluit sit op aanklag van hoogverraad.

Die mooi bedraggie van £8 6s. is ingesamel, waarvan £5 aan mev. E. Dommisse, Charlesstraat, Pretoria gestuur is vir voedselverskaffing aan die gevangenes. Die orige £3 6s. is by die opbrengs van O.B.-dag gevoeg, wat die totaal vir O.B.-dag op £31 10s. te staan bring.

Ons sal ons mede-Afrikaners nie in die stryd verlaat nie.—(Korr.)

## *REORGANISASIE OP KROONSTAD*

KROONSTAD. — Op Saterdag, 5 Okt., het kommando C11b6 van Kroonstad, Fondsdag gevier ten huise van kommandante A. E. Besuidenhout in die vorm van 'n gesellige aand.

Offisiere van Bloemfontein en Bethlehem het oorgekom vir die geleentheid en hulle gulhartige ondersteuning word hoog op prys gestel. Die mooi bedrag van £28 is ingesamel. Een hoofkommandante en vier kommandantes het daardie aand die eed hernu.

In die agtermiddag het die reorganisasie van die plaaslike kommando plaasgevind. Kommandante A. E. Bezuidenhout is weer in haar amp herstel vir die tydperk van twee jaar.

## *DEPORTASIE VAN S.A. DUITSERS*

Die Deportasie-kommissie wat moet besluit oor die lot van die Suidwes- en Unie-Duitsers, het reeds oor die lot van 'n aantal Suidwes-Duitsers beslis. Uit betroubare bron word verneem dat daar baie min van die ongeveer 1,500 Duitsers in Suidwes-Afrika wat geïnterneer was, na Duitsland teruggestuur sal word. Benewens hierdie getal was daar sowat 2,000 wat aan huisarres onderworpe was. Hulle sal toegelaat word om in Suidwes te bly.

# V.S.A. WIL RUSSIESE EN BRITSE GEHEIME UITLAP

**Rusland en Engeland sit lelik in die knyp met die amptelike aankondiging van die Amerikaanse regering dat hy besig is om voorbereidings te tref om die verslae van die Duitse departement van buitelandse sake tydens die Hitler-bewind te publiseer, ongeag wie daardeur in die verleentheid gebring sal word.**

Die verslae sal onder meer lig werp op die Duits-Russiese nie-aanvalsverdrag, Britse onderhandelings met Duitsland tydens die München-ooreenkoms en moontlik ook onderhandelings tussen die V.S.A. en Duitse kartels.

Amptelike kringe meen dat indien die verslae gepubliseer word, dit die verhouding tussen Amerika en Rusland sal versleg omdat dit die jakkalsdraaie van Rusland aan die wêreld sal blootlê.

Die verslae weeg altesaam sowat 700 ton en dit sal verskeie jare neem voordat dit ten volle gepubliseer is. **Die eerste band kan moontlik binne etlike maande verwag word.**

**Bevin, Britse minister van buitelandse sake, het verlede week in die laerhuis gesê dat sy regering nie die verdrag tussen Duitsland en Rusland oor die verdeling van Pole openbaar gaan maak nie, hoewel die verslae in die pers oor die inhoud daarvan in hoofsaak korrek was.**

# Kerk Roep Op Tot Hulpverlening

**Die Moderatuur van die Kaapse N.G. Kerk het in die Die Kerkbode 'n ernstige oproep gedoen om die noodleniging in Duitsland daadwerklik te ondersteun.**

„Luidens berigte wat ons bereik, het die nood in Duitsland ontsettende afmetings aangeneem", lui die oproep. Die toestand word baie vererger deur die Europese winter wat op hande is en volgens mnr. Russel-Brayshaw, voorsitter van die Kwakers se noodlenigingsorganisasie in Engeland, word die stryd teen die tyd in Duitsland gevoer. Koue, hongersnood en hongerdood bedreig duisende en nogmaals duisende medegelowiges, ontredderde mense, hulplose vroue en onskuldige, ondervoede kindertjies.

„Ons mag nie onverskillig staan teenoor hierdie skrikwekkende nood nie. Waar ons in sulke bevoorregte omstandighede leef, is dit ons Christelike plig om ons te bekommer oor die smartlike lot van die geteisterdes. Gedagtig aan die woorde van die groot Mensevriend: „Want Ek het honger gehad, en julle het My iets gegee om te eet; . . . Ek was nakend, en julle het My geklee . . . ." doen ons 'n innige beroep op u Christelike barmhartigheid sowel as op u menslikheid om hierdie poging te ondersteun."

## WRAAK NOG NIE BEËINDIG

Die voormalige hoof van die Duitse generale staf, genl. Guderian, veldm. Milch, voormalige ondersekretaris van die Duitse departement van lugvaart, en genl. Bodenschatz van die Duitse Luftwaffe, is deur die Geallieerdes in hegtenis geneem en in die Neurenbergse gevangenis gestop vir „verhoor".

WARE KUNSWERKE

**PRAGTIGE KERSFEESKAARTJIES**

**4 Verskillende Ontwerpe met O.B.-Wapen**

**PRYS KONTANT: 4/6 per dosyn, met koeverte.**

**Bestel dadelik by: BOEREJEUG-HOOFKWARTIER Meyergebou 9, Potchefstroom.**

# Skryfstelle
# Houtartikels

# Leerwerk
# Fotoalbums

## SKRYFSTELLE

Koeverte en Papier in 'n mooi karton-doos, geskik vir KERSGESKENK

**RITEWEL**

27/4 en 27/5 — 4/- posvry.
42/1 — 6/- posvry.
33/1 — 5/- posvry.
30/1 — 4/6 posvry.

**ROYAL & ANCIENT PARCHMENT**

25/25 — 4/9 posvry.
50/50 — 6/9 posvry.

**BLUEHOLM**

25/25 — 6/6 posvry.

**COURT DECKLE**

8vo — 10/- posvry.

## LEERWERK

**MANS DOKUMENT-TASSE**

£4-6-0.

**TEEMUSSE**

Met Blomontwerpe in kleur, £3-2-0.

**FOTO-ALBUMS**

Met Leer-omslag — Groot 35/3. Klein 27/6.

## HOUTWERKARTIKELS VAN OLIENHOUT

Eierkelkstel — 33/- en 29/3 posvry.
Eier- en Servetringstel — 52/- posvry.
Sout- en Peperstel — 24/- posvry.
Servetringe — 3/4 stuk, posvry.

## FOTO-ALBUMS

Groot 8/- en 11/- posvry.
Klein 8/- posvry.
„Autograph" Albums — 6/6 posvry.

Datum ....................

## BESTELVORM

Stuur asseblief die volgende, waarvoor ek die bedrag van £..........insluit.

Geteken ..................................
Naam ..................................
Adres ..................................
(In blokletters asb.)

| Besonderhede | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| | | | |

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**

POSBUS 29
STELLENBOSCH


P.E. Bpk., St'bsch.

Byvoegsel tot Die O.B. van 30 Oktober 1946

Jaargang II **UIT ONS BOEKERY** No. 6.

# Bestel u KERSFEES-KAARTJIES vroegtydig

## 3 REEKSE



**REEKS A:**

Met verskillende bewoordings en verskillende ontwerpe. Gedruk op kunskarton in drie kleure. Grootte van kaartjie 4½ dm. x 5 dm. Ontwerpe van Suid-Afrikaanse Blomme en Tonele. Met Koeverte van 'n baie goeie kwaliteit.


5/6 PER DOSYN POSVRY

MAAK GEBRUIK VAN BESTELVORM OP BLS. 2.

**Pro Ecclesia-Boekhandel**

POSBUS 29 STELLENBOSCH

## REEKS B:




Met verskillende bewoordings en verskillende ontwerpe. Gedruk in drie kleure op kunspapier. Grootte 3½ dm. x 5 dm.

Met Koeverte

2/9

PER DOSYN

POSVRY



## REEKS C:

Met verskillende bewoordings en verskillende ontwerpe. Gedruk in reliëf in kleur op harde karton.

Met Koeverte

4/6

PER DOSYN

POSVRY

**Ons het groot voorrade Kersfeeskaartjies. MAAR ons verwag 'n groot aanvraag. BESTEL DUS VROEGTYDIG.**

BESTELVORM

BESTUURDER, UOB

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL,

Posbus 29 — STELLENBOSCH.

Stuur asseblief die volgende Kersfeeskaartjies, waarvoor 'n bedrag van £......s......d. ingesluit word.


......dos. Reeks A. ......dos. Reeks B. ......dos. Reeks C.

Geteken ..................................

NAAM .................................. ADRES ..................................

# VULPENNE — SKRYFBEHOEFTES LEERARTIKELS!

**HOU HIERDIE LYS TOTDAT U U KERSFEESBENODIGDHEDE BESTEL**
**(Hierin mag miskien iets voorkom wat u graag vir Kersfees wil bestel)**




### CROXLEY-VULPEN

Een van die beste vulpenne vir gewone gebruik en om as geskenk te dien. In Swart, Rooi-swart, Blou-swart en Groen-swart gemarmer. MELD MEDIUM OF DUN PUNT. — 25/6 posvry.

### WATERMANS-VULPEN

23/6 — 37/6 — 40/- — 42/- ens. plus posgeld, 6d. per pen.

### SCHAEFFER-VULPENSTELLE

Uitstekend geskik vir geskenke — Vulpen en Potlood lyk eners. „CREST DE LUXE" 136/- — „CREST TUCAWAY" 143/6 — „SENTINEL II" 107/6 — „LADY SCHAEFFER" 80/- — „SOVEREIGN II" 76/- — „ADMIRAL II" 50/- — Posgeld ongeveer 1/- per stel. Hierdie stelle word binnekort verwag. Bespreek u stel onmiddellik.

### VULPOTLODE

Croxley 15/6 posvry — Esterbrook 10/6 posvry — Servall 5/6 posvry — DUROLITE, Blou-bruin — Swart-goud en Swart, 14/- posvry.

### SKRYFBEHOEFTES, ENS.

„Cellotape" Masjientjies met twee ½ dm. rolle deurskynende gompapier — 18/6 elk posvry.

„Doyleys" van Papier — verskillende groottes, 6 dm., 8 dm., 10 dm. 1/3 per pakkie posvry.

Foto-Albums — 8/6 posvry.

Papier-Servette — met ontwerpe in kleur. — 16 en 18 in pakkie 1/3; 20 in pakkie 1/4; 34 in pakkie 1/9 — Sonder Ontwerpe 1/4 posvry.

### „PLASTICINE" Modelleerklei — 16 Kleure

½ pd-pakkies 1/3 — 1 pd.-pakkies 2/3 —Kleurstukkies 3d. elk. Pakkies met verskillende kleure, 9d. en 1/- per pakkie. Posgeld 6d. per pd. ekstra.

### SKRYFKABINETTE

Skryfpapier en Koeverte in kartondoos, mooi opgemaak, geskik vir geskenke. — Basildon Bond 4/- — Blueholm 6/- — Clarendon White Wove 4/- — Court Deckle 8/- — Croxley Club, Blou 4/-. Posgeld 1/- per doos ekstra.

### SPEELKAARTE — 3/6 per stel

**VRA OM VOLLEDIGE LYS VAN SKRYFBEHOEFTES**

### LEERARTIKELS

BEURSIES — 3/-, 5/- en 10/6 posvry. — Vir note 15/- posvry.

AKTETASSE vir Mans — £3-10-0 en £4-10-0 plus vrag. Met ritssluiting 20/6 en 29/6 posvry.

MUSIEKTASSE — 32/6 en 55/- plus vraggeld.

SKRYFSTELLE 26/-, 31/-, 46/- posvry — SIGARETKOKERS 26/6 posvry — SLEUTELHOUERS 4/- en 6/9 posvry — TABAKSAKKE 9/3 posvry — MANS-PORTEFEULJE vir binnesak 8/-, 16/6 en 21/- posvry. — VRA OM VOLLEDIGE LYS.

# Pro Ecclesia-Boekhandel

POSBUS 29 STELLENBOSCH

# O.B. Lede se Houding In Tussenverkiesing

## „Steun Versmaai Vir Engels-Eentalige"

**Komdt. C. P. van der Westhuizen, Die Strand, skryf as volg oor die tussenverkiesing aldaar:**

Vergun my om deur middel van u blad die houding van O.B.-lede, wat in die kiesafdeling van Hottentots-Holland woonagtig is te verduidelik t.o.v. die aanstaande tussenverkiesing.

### O.B.-KOMMANDO SE AANBOD

Op 14 en 16 Augustus van hierdie jaar is die O.B.-lede van die kiesafdeling in Die Strand en op Tiervlei, onderskeidelik, byeengeroep, en het hfkomdt. W. R. Laubscher, ons Voorligtingsoffisier, die O.B. se saamwerkvoorstel aan ons verduidelik. Op hierdie vergaderings het ons besluit om, namens die plaaslike O.B.-kommando's 'n aanbod van verkiesingsteun aan die plaaslike eenhede van die H.N.P. te doen.

### H.N.P.-DISTRIKSRAAD VERWERP DIT

Ons aanbod en die antwoord van dr. P. J. van Nierop, voorsitter van die H.N.P. se Distriksraad is in Die O.B. van 25 Sept. gepubliseer. **Dit het in geen ander koerant verskyn nie. Waarom nie?**

**Die H.N.P. se Distriksraad het geweier om enige ooreenkoms of reëling met die plaaslike O.B.-kommando's te tref ten einde ons steun by die aanstaande verkiesing te verseker — en dit ten spyte van ons aanbod van sodanige steun.**

### ENGELS-EENTALIGE KANDIDAAT

Die H.N.P. het hul weiering om met ons — hul mede-Afrikaners en oortuigde republikeine — 'n ooreenkoms te tref onderstreep deur 'n gedragslyn in ons kiesafdeling te volg wat ons noodwendig van hulle af moes wegstoot.

● Eerstens het dr. D. F. Malan, hoofleier van die H.N.P., op die Kaaplandse kongres van die party, wat op Somerset-Wes plaasgevind het, die Empire-gesindes se steun vir sy party gevra; en in ruil vir hul stemme het hy belowe dat sy party die Afrikaner se republikeinse strewe in die koelkas sal bêre.

● Tweedens het die H.N.P. 'n Engels-eentalige gedemobiliseerde soldaat van die Empire tot die party se kandidaat vir die kiesafdeling benoem.

**Ons O.B.-lede kan hierdie optrede van die H.N.P. nie verdra nie; te meer, waar dit volg op die party se weiering om met mede-Afrikaners en republikeine enige ooreenkoms te tref; ons is bitter teleurgesteld en verontwaardigd.**

### O.B.-LEDE SE HOUDING

Op 14 en 22 Oktober het O.B.-lede, derhalwe, weer vergader op Elsiesrivier en Die Strand, onderskeidelik, om met ons Voorligtingsoffisier te beraadslaag oor die posisie waarin die H.N.P. ons geplaas het t.o.v. die tussenverkiesing, en om te besluit oor ons houding:

● Tot ons innige spyt moet ons konstateer dat die H.N.P. in Hottentots-Holland, onder leiding van dr. P. J. van Nierop, nie te vinde is vir die samesnoering van die nasionale en republikeinse Afrikaners in 'n hegte Front nie;

● Ewe-eens moet ons konstateer dat die H.N.P., instede van 'n hegte Afrikanerfront, 'n partypolitieke set verkies met die oog op die verkryging van die Empire-gesindes se steun.

● En wat ons seermaak is die feit dat die O.B. se doodsekere, aangebode hulp versmaai word vir die onsekere en onaangebode steun van die Empire-gesindes.

**In die lig van hierdie houding en optrede van die H.N.P. het ons, O.B.-lede, eenparig besluit om ons te onttrek aan die tussenverkiesing.**

**Ons gaan nie aan die verkiesingstryd deelneem nie. Dit gaan ons oorlaat aan die Herenigde Party en hul Engelseentalige kandidaat, mnr. McLeod; en aan die Verenigde Party en hul „ridder"-kandidaat, SIR De Villiers Graaff.**

Die nasionale Afrikanerdom sal in Hottentots-Holland nie aan hierdie ligsinnige partypolitieke speletjies deelneem nie.

Namens O.B.-lede,
C. P. v. d. WESTHUIZEN,
(Komdt.)

## O.B. ORGANISEER IN OOS-KAAPLAND

PORT ELIZABETH: Die Stafhoof van Gebied B, genl. W. P. v. d. Merwe, het 'n uitgebreide organisasie-toer deur die noord-oostelike dele van Kaapland gedoen. Oral is offisiere en ook kommando-vergaderinge gehou wat oor die algemeen baie goed bygewoon is.

Mens het opnuut onder die indruk van die vasberadenheid en onwrikbare wil om te oorwin gekom wat by alle offisiere en Brandwagte aanwesig is met egte Volks- en Vaderlandsliefde as motief en besieling. Almal strewe om diens te lewer na die beste van hul vermoë, veral omdat hulle bewus is van die erns van die toestand en wat alles op die spel is.

Orals is daar 'n hartstogtelike begeerte na samewerking met alle Afrikaners **maar almal voel dat samewerking alleen kan geskied met behoud van eie identiteit en selfstandigheid, anders beteken dit selfmoord.**

Genl. Van der Merwe het opnuut gewys op die groot taak en roeping wat die O.B. veral in hierdie dae het om te vervul, en dat die stryd met volharding gestry moet word, want dit mag 'n langdurige stryd wees. M.a.w. ons moet aanhou totdat ons ideaal bereik is, nl. 'n Christelike republikeinse Eenheidstaat, nasionaal en ook sosiaal van aard. Dit het baie daartoe bygedra om offisiere en Brandwagte weer te inspireer en aan te vuur tot groter toewyding en daadkrag.

Die volgende eenhede is o.a. besoek: Queenstown, Tarkastad, Sterkstroom, Dordrecht, Indwe, Elliot, Barkley-Oos, Lady-Grey en Aliwal-Noord. Op eersgenoemde twee plekke is ook O.B.-dag gevier. Opvallend was op Queenstown die ondersteuning van Afrikaners wat nie aan die O.B. behoort nie. Dit bewys weer net hoe dat in 'n oorwegende Engelse atmosfeer die Afrikaner voel dat en ook begeer om bymekaar te staan. — (Korr.)

## MUSIEKFONDS

Die Musiekkommissie van die F.A.K. het besluit om 'n musiekbeursfonds in die lewe te roep waardeur belowende Afrikaanse musiektalent in staat gestel word om verder te kan studeer. Die kommissie vertrou dat alle kultuur- en musiekverenigings daadwerklik sal bydra tot hierdie fonds en dat musiekliefhebbers ook hul steun sal verleen.

Die Afrikaanse musiekvereniging van Johannesburg het reeds 'n lywige bydrae gelewer. Geld moet gestuur word aan die F.A.K.-kantoor, Posbus 8711, Johannesburg.

# Ontvlugtingstoue Ook Tussen Kamp-artikels Uitgestal

## TENTOONSTELLING A.S. WEEK

**Die tentoonstelling aanstaande week van handewerk wat in tronke en kampe vervaardig is tydens die oorlog, sal onder meer ook die toue bevat waarmee 'n vragmotorbestuurder in Koffiefontein-kamp vasgebind is toe twee geïnterneerdes op waaghalsige wyse uit die kamp ontsnap het met 'n vragmotor wat vol kampvoorrade gelaai was, na Die O.B. verneem.**

Die tentoonstelling word op 6 en 7 November in die komiteekamer van die Groote Kerkgebou, Kaapstad, gehou en sal 'n groot aantal goedere vertoon wat deur geïnterneerde en gevange Afrikaners tydens hul opsluiting in die Empire-tronke en kampe vervaardig is.

Die uitstalling sal ook die aand van 6 November oop wees tot 10 nm. om almal die geleentheid te gee om dit by te woon.

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, sal die opening bywoon wat om 10-uur vm. waargeneem sal word deur genl. Dirk Eloff, een van die oud-geïnterneerdes.

Almal, en insonderheid die Boerejeug, word uitgenooi om die pragtige handewerk uit die Koffiefonteinse kamp en die Pretoriase gevangenis te kom besigtig. Onder die talryke voorwerpe is die meeste werklike kunsstukke.

**Oud-geïnterneerdes met die organiseerders nie in aanraking kon kom nie, word ook vriendelik versoek om voorwerpe wat hulle besit, te kom vertoon.**

Vir verdere besonderhede sien kennisgewing elders in hierdie uitgawe.

Verversings sal ook verskaf word.

Stuur u POSBESTELLINGS vir
● KANTOORBENODIGDHEDE en
● SKRYFBEHOEFTES
na
SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017


Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg - MAITLAND

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MÔREMARK (Posbus 7185) Newton

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
● Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
● Beste heersende pryse
● MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

Vir Voetmoeilikhede raadpleeg 'n deskundige
Handgemaakte Voetstutjies Volgens Afmetings: 'n Spesialiteit
Physical Foot Culture
Oranjestraat 82
KAAPSTAD

O.B. Kersfeeskaartjies
Vier verskillende kaartjies met die volgende ontwerpe: (1) O.B.-wapen in twee kleure gedruk; (2) O.B.-wapenontwerp deur 'n O.B. in die Sentrale Gevangenis ontwerp; (3) en (4) Diere sketse in twee kleure met wapen binne in en bypassende slagspreuke.
Met Koeverte 4/6 per dosyn posvry.
Pro Ecclesia - Boekhandel
Posbus 29 — — Stellenbosch



Johan Hefer
VORDERINGS-
PRYSWENNERS!
MANS: 1e Prys — M. M. Bruyns, Posbus 12, Wellington, Kaap.
2e Prys — Louis J. Richards, Johnstonestraat 26, Randfontein, Tvl.
3e Prys — Albert Combrinck, Goede Hoop, Koster, Tvl.
DAME-wenner: Venus Burger, Jonasstraat 7, Germiston.
LEERLINGE WAT NA 1 DESEMBER 1945 INGESKRYF HET, SAL DEELNEEM AAN DIE WEDSTRYD WAT OP 31 JULIE 1947 SLUIT.
DIE HEFER-INSTITUUT VAN GESONDHEID EN LIGGAAMSONTWIKKELING
POSBUS 3494 — — KAAPSTAD

DIEGENE WAT IN U BLAD ADVERTEER — — IS U VRIENDE — —

DIE O.B., WOENSDAG, 30 OKTOBER 1946.

# Doodgeloopte Pad

In opvolging van dr. Malan se uiteensetting van die H.N.P. se standpunt teenoor die Ossewabrandwag, beklemtoon Die Burger twee aspekte: Hy verklaar dat eenwording met die Ossewabrandwag onmoontlik is solank laasgenoemde „'n gesagstaat propageer" en dan kom hy tot die gevolgtrekking dat „die pad van die O.B. doodgeloop het . . . in die omstandighede van vandag" en dat die land se belange die beste gedien kan word deur „samewerking binne die Nasionale Party".

Die eerste vraag wat ons wil stel, is: Maak die O.B. se verwerping van die parlementêre stelsel inderdaad so 'n „diepgaande beginselverskil" tussen die O.B. en die H.N.P. soos dr. Malan en Die Burger wil voorgee? Op 10 April 1941 het die Federale Raad van die H.N.P. 'n verklaring oor sy toekomsbeleid uitgereik (in 'n brosjure onder die titel Die Republikeinse Orde) en daarin staan woordeliks die volgende (bl. 4):

**„Wat ook ten gunste van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit uit die volksoogpunt beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees. Dit het die magsmiddel geword in die hande van die georganiseerde geldmag . . . Die Boerenasie wat die skepper en beskermer van ons eie Suid-Afrikaanse nasieskap is, het in die Boere-republieke 'n stelsel ontwerp wat ons eie is, wat hemelsbreed van die Britse parlementêre stelsel verskil, en tog ook op demokratiese grondslag berus . . . ."**

Elkeen wat kennis dra van die Ossewabrandwag se publikasies weet dat hy die stelsel van die Boere-republieke as ideaal voorhou, met aanpassing by moderne vereistes. Maar dit voer die H.N.P.-leiding „in die omstandighede van vandag" as rede aan vir sy weiering om langs die O.B. in 'n verkiesing „oor die kleurvraagstuk" saam te werk, en neem hul kongres 'n besluit aan teen enige ooreenkoms met 'n organisasie „wie se grondslag hemelsbreed van ons verskil en wat as doel het nie alleen om ons party te vernietig nie, maar ook ons hele grondslag".

## EUWEL ONVERANDERD

**Beteken dit nou dat die H.N.P.-leiding afstand gedoen het van sy Federale Raad se „toekomsbeleid" en dat samewerking met die O.B. onmoontlik geword het omdat hy nie ook daarvan afstand gedoen het nie?**

Indien wel, dan is dit baie onbillik van Die Burger om te verklaar dat die O.B. se pad doodgeloop het. **Wat op 10 April 1941 van die Britse Parlementêre stelsel gegeld het, geld vandag nog, en daarom beskou die O.B. sy pad nie as doodgeloop solank hierdie stelsel Suid-Afrika aan die „georganiseerde geldmag" uitlewer nie.**

As die H.N.P.-leiding egter voel dat sy pad van 1941, „doodgeloop het" teen die „omstandighede van vandag", kom dit neer op hensoppery, **en die Ossewabrandwag is nie bereid om te hensop vir 'n ding wat „in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking" is nie.**

Ons wil ons broers in die H.N.P. waarsku dat as hulle nou weer pleitbesorgers van die Britse stelsel geword het, **dit geen voorwaartse, maar agterwaartse stap is, en dan bevind hulle hul op 'n sirkelpad wat wel nooit doodloop nie, maar ook nooit enige vordering kan bring nie.**

Die tweede vraag wat ons wil stel is: **Is dit nie die partystelsel se pad wat doodgeloop het as 'n metode om vraagstukke op te los nie?** Niemand minder nie as dr. Malan self verwerp dit as ondoeltreffende middel by die hantering van groot vraagstukke. Toe hy die kleurvraagstuk in verband met die Indiese wetgewing aan die begin van die jaar benader het, het dr. Malan gepleit dat die partystelsel tydelik opgehef moet word, en toe gesê:

„As jy dit sou doen dan lig jy die hele saak uit die partypolitieke arena. **Dan maak jy daarvan 'n nasionale saak.** Dan skakel jy uit by die bespreking daarvan, by die oorweging daarvan, alle partygevoel en jy skakel uit die behaal van alle partyvoordeel." (Hansard No. 13, kolom 5771.)

## „BO PARTYPOLITIEK"

En ten opsigte van die naturelle-vraagstuk het dr. Malan die jaar voor dit ook by die Eerste Minister gepleit om die saak buite en bo die partypolitiek te verhef en dit te „benader uit die breë nasionale oogpunt". Volgens Die Burger van 13 Maart 1945 het dr. Malan by daardie geleentheid gesê:

**„Die feit dat by die totstandkoming van die Unie geen deurtastende oplossing gevind is nie, moet aan partypolitieke oorwegings gewyd word."**

En op sy kongres te Somerset-Wes het dr. Malan verlede maand belowe:

„Soos met ander vraagstukke wat die Nasionale Party aangepak het toe hy aan bewind was, sal hy die kleurvraagstuk bokant en buitekant die partypolitiek oplos."

**Uit bostaande aanhalings blyk dus duidelik dat dr. Malan die pad van die partypolitiek, d.w.s. die Britse parlementêre stelsel** as doodgeloop beskou, en daarom ander „breë, nasionale" metodes aanbied.

Aangesien hy so duidelik onderneem om die kleurvraagstuk buite die partypolitiek op te los as hy aan bewind kom, d.w.s. ná die verkiesing, wat verhinder dan dat hy nie vóór die verkiesing al begin om die „mislukking" van die partypolitiek te oorkom deur 'n sameskakeling van alle nasionaalgesindes „bokant en buitekant die partypolitiek" nie? M.a.w. kan ons nie die verkiesingsvraagstuk self al „buite en bo die partypolitiek" aanpak nie?

Dit is wat die Ossewabrandwag voorstel met sy volksfront of bondgenootskap tussen alle nasionale groepe — 'n bondgenootskap waarin hy vir homself geen setels eis nie.

Waar dr. Malan ook self erken dat die verkiesing nie oor stelsels sal gaan nie, maar oor die kleurvraagstuk, is dit in elk geval noodsaaklik dat sy mondstukke nie langer „diepgaande beginselverskille" — wat inderdaad glad nie so diep is nie — in die pad van samewerking voorhou nie.

## GEVANGENISFONDS

**Bydraes vir die 9 persone wat aangehou word in die Pretoria Sentrale Gevangenis op aanklag van hoogverraad:**

Mev. M. Rademeyer £5; mnr. P. de W. Wiid, Komatipoort £3-7-6; mev. Stalla Crawford £2-8-0; mev. C. W. Rautenbach £2; mev. Oosthuizen £1; mev. F. C. Eloff £1; mev. Kroch, Pretoria 10/-; mev. Preller, Pretoria, 10/-; mev. Boswel, Pretoria 2/-; mev. Van der Westhuizen, Pretoria, 1/6; mnr. Laubser, Pretoria, 8/6; mev. De Bruin, Pretoria, 2/6; Soldaat, Pretoria, 2/6; mev. L. v. d. Merwe, Pretoria-Noord, 3/-; mev. S. E. J. Strydom, Pretoria-Noord, 2/6; mev. E. J. Louw, Pretoria-Noord, 2/-; mnr. J. P. Pelsy, Pretoria-N., 2/6; W. J. Swanepoel, Pretoria.-N., 5/-; H. H. Wachefort, Pretoria-N., 2/6; J. S. Schoeman, Pretoria-N., 2/6; L. Niemann, Pretoria-N., 4/-; Richter, Pretoria-N., 2/6; J. Clerq, Pretoria-N., 2/-; M. G. Bolleurs, Pretoria-N., 2/6; C. A. Richter, Pretoria-N., 5/-; A. W. van Staden, Pretoria-N., 4/-; J. O., Pretoria-N., 2/6; J. Roux, Pretoria-N., 1/-; J. Robbertse, Pretoria-N., 1/-; Vriendin, Johannesburg, 5/-; Kroonstad, 8/6; Vriendin (posstempel) Johannesburg, 5/-; mnr. F. S. Eloff £1; per mnr. S. Rademeyer, Humansdorp, £5; mev. Stella Crawford, £2-8-0; (posstempel) Kroonstad, 8/6; mev. Rautenbach £2; per mev. Oosthuyzen £1; per genl. Wiid £3-7-6; mev. Preller 10/-; mev. Krogh 10/-; mev. McLachlan 5/-; mnr. A. J. v. d. Merwe £2; mnr. N. J. S. Steenkamp £1; mnr. J. C. du Plessis 10/-; per mev. Strydom, Pretoria-Noord, £2-7-0; mnr. N. R. Rademeyer £1; per komdt. J. D. Rademeyer £17-13-6; mnr. en mev. I. A. du Plessis £1-0-6; mnr. Frits van Achterbergh £2-2-0; per mnr. Sluiter van Kroondal en Rustenburg, £20. Totaal £64-7-0.

6 pond doos sjokolade, Brakpan; 1 kissie kruideniersware, Brakpan; 1 pakkie biltong, mev. Spies, Zululand; 2 hoenders, mev. De Ridder, Lyttleton; 1 sakkie aartappels en 2 sakkies groente, mnr. Van Biljon; versuikerde vrugte, Unie-Winkels; 1 pakkie groente, mev. Van Rensburg; kassie eetware, mev. George Rademeyer; 1 sak wortels en 1 sak droë vrugte, mnr. J. S. de Jongh.

# Britse Blad Oor Partystelsel

## „Selfde ou Vuil Spel"

**Dit is nie net die Ossewabrandwag wat die vyf- of tienjaarlikse omrollery van politieke partye, wat op papier mekaar ten hewigste opponeer maar in die praktyk niks kan uitvoer wat hulle belowe het nie, veroordeel nie.** Ook in die moederland van parlementarisme, Brittanje self, word verontwaardiging uitgespreek oor die gespeel met die volk wat tussen twee politieke partye heen en weer swaai om elke keer uit te vind dat die beginsels op papier en in verkiesingsprogramme hemelsbreed verskil van die dade van die party as hy eers aan bewind gekom het en op sy beurt weer deur die ander party in die wiele gery word.

So skryf die Britse blad The Vanguard as volg oor die gehuigel van die Britse Arbeiders- en Konserwatiewe Partye:

„Een Britse regering maak plek vir 'n ander. Sodoende baan een demokratiese diktatuur die baan vir 'n ander. **Dieselfde ou vuil spel van partypolitiek kraai maar weer koning: 'n verandering van spelers is al wat opgemerk word op die verhoog. En daardie nuwe spelers, daardie nuwelinge! Wat 'n bende! Voorheen almal ten gunste van Marx en sosialisme, en tans tree hulle op as outokrate, aristokrate en plutokrate — genoeg om die Jood Marx te laat dood neerslaan indien hy weer tot die lewe sou terugkeer!**

### BROOD

„Die Churchills val die Attlees aan om elke draai. Nou is dit dit, dan is dit dat. Hul jongste venster-uitstalling is broodrantsoenering! **Die Churchills vertel ons dat hierdie ding tirannie is en die ergste graad van bolsjewisme! Plaas ons terug aan bewind, skreeu die Churchills, en ons sal sorg dat daar geen broodrantsoenering is nie! En die arme onnosele volk kan nie besef nie dat as die Churchills aan bewind was, die Churchills, wat Europa in hongersnood gedompel het deur hul demokratiese uitdelgingsmetodes, broodrantsoenering sou verwelkom het en dit as nog 'n voorbeeld van Britse ridderlikheid sou voorgehou het! En dan sou die Attlees weer broodrantsoenering verwerp en landswye betogings teen die Torie-tirannie georganiseer het!**

„Gekke was die volk nog altyd, en gekke sal hulle bly. Ontnugtering is vandag hul deel, maar wat maak dit saak. Laat ons drink en eet en vrolik wees, want môre sterf ons. So lyk die groot Britse publiek in die jaar van genade 1946."


## BRAAIVLEISAAND!!

(onder beskerming van die O.B.)

**VRYDAGAAND, 1 November**

om 6-uur n.m.

**Op die hoek van Prinsloo- en Markstraat, Tiervlei.**

Boerewors en ander verversings sal te koop aangebied word.

**Sprekers: DIE K.G. EN A.K.G.**

By die spoorwegoorgang van Parow sal wagte wees om die pad na die terrein aan te dui.

***Kom sekerlik en geniet uself ! !***

# Verjaardagviering!

**Die verjaardae van ons Kommandant-Generaal (Dr. J. F. J. van Rensburg) en Adjunk Komdt.-Generaal (Genl. J. A. Smith) word gevier in die**

## STADSAAL te PAARL

op

## Saterdag, 9 November

**om 7.45 n.m.**

### PROGRAM

**(A) OPTOG TOT BY STADSAAL.**

**6.45 n.m. — Voetgangers en almal met motors kom bymekaar op Kerkplein van die Suider Paarl Kerk (ou strooidak kerk) geleë aan die Hoofweg, Paarl.**

**LET WEL: Die Vergadering begin stiptelik om 7.45 n.m. Besoekers word gevra om te wag totdat deure oopgaan.**

**(B) 7.45 n.m. — VLAGHYSING.**

**(a) Welkomswoord deur genl. W. Marsh.**

**(b) Gelukwense word aan die K.G. en A.K.G. oorgebring deur Gebiedsleier dI/genl. dr. F. D. du T. van Zyl.**

**(c) Toespraak deur Adjunk-Komdt.-Genl.**

**(d) Toespraak deur Komdt.-Genl.**

**DIE PROGRAM SAL AFGEWISSEL WORD MET MUSIEK DEUR DIE O.B.-BLAASORKES.**

**Kollekte sal by die deure opgeneem word ten behoewe van die Noodhulpfonds.**

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

## Adv. Strydom Se Hoop

„Een wat hom ken", Middelburg, Tvl., skryf:

Dis duidelik dat adv. Strydom met sy toespraak voor die H.N.P.-Kongres op 15 deser, homself sowel as vir sy party probeer moed inpraat het teen sy beterwete in. Daarby is hy meer besorg oor sy PARTY as oor die toekoms van die Afrikanervolk.

Hy sê: „Hoe kan ons help om die O.B. te versterk om uiteindelik ONS EIE PARTY te vernietig"? Sn verder, dat „goedgesinde persone met inbegrip van Engelssprekendes hulle stem aan die H.N.P. moet verleen, **al sou dit ook net by die stembus wees**". Die Stembus! Die toekoms en heil van die Afrikanervolk strek in hulle oë net tot by die stembus, en daarna . . . kan julle na die hoenders vlieg!

Hy sê: „Die mense kom elke dag by duisende oor na die H.N.P. Die H.N.P. is vinnig besig om die steun van mense wat afgewyk het . . . te herwin." Watter mense? En watter duisendes? Waar kom hulle vandaan en waar woon hulle? Ek kan vir adv. Strydom dit sê: Hier in my omtrek, altans, is mense, VAN SY EIE VOLGELINGE, van wie sy party nie weer 'n kruisie sal kry nie, en hy en Benoni se debakel is daarvoor verantwoordelik. En van die „duisende en duisende" wat hulle „elke dag" by sy party skaar, kan ek hom sê dat in hierdie distrik, altans, nog 100% O.B. is in vergelyking met wat dit was 4 jaar gelede, en ingeslote nuwe O.B.-lede, sowat 106% van wat dit was 4 jaar gelede. Pasop, Advokaat!

### IMMIGRANTE

Hy probeer homself en sy party troos dat net werkers hierheen kan immigreer, en dus nie hierheen sal kom nie om ongunstige nywerheidsredes hier te lande. Hy sluit sy oë vir die feit dat die huidige Empire-Regering die afgelope jare reeds gunstige toestande geskep het vir sy teruggekeerde soldate, ten koste van dié wat nie wou deelneem aan Engeland se oorlog nie. Vergelyk die nedersetters e.d.m. Asof die Regering nie by magte is om gunstige nywerheidstoestande te skep juis vir daardie „arbeiders" — as dit almal arbeiders sal wees — nie.

Hy probeer sy eie sowel as sy party se droefheid te kalmeer met die paar Jode en Engelse kinders in die land, teenoor die „groot" aantal Afrikaanssprekende kinders. H'm! Asof daardie 119,000 Afrikaanssprekende kinders 119,000 stemgeregtigdes is, asof hulle almal Nasionalissies is, asof elke ouer net een kind in die skool het, en asof al daardie 238,000 ouers Nasionaliste is! Wat 'n salige troos! Wat 'n sneeubalse hoop!

Hy sê dan: „Waarom moet daar dan gewanhoop word aan die toekoms van die Afrikaanssprekende volksdeel? Het adv. Strydom al besef hoe diep die Afrikaanssprekende volksdeel, veral in stede en agterbuurtes, deur partypolitiek en juis deur die ouers van sy 52,000 Engelsmannetjies en Joodjies, saam met 'n deel van sy 119,000 Afrikanertjies se ouers se metodes van onderdrukking van alles wat na Afrikaans lyk of wat Afrikaner is, weggesink het in die welsand van die s.g. demokrasie?

Laat adv. Strydom liewers wanhoop aan dit wat hy sê ons nie hoef te wanhoop nie; laat hy liewers die Volksfrontvoorstel van die O.B. aanneem en saam help ly en stry; laat hy liewers die welvaart van sy land en volk se toekoms op die hart dra in pleks van sy eie persoonlike belange of die belange van sy nietige partytjie, dan sal hy 'n ander toespraak aan sy kongres rig.

## GEEN BEDANKINGS

Mnr. F. D. J. Jacobs, oor Vaalwater, skryf:

In Die Transvaler van 23 September verskyn daar 'n verslag van adv. J. G. Strydom, L.V. vir Waterberg, en mnr. Gerrit Bakker, L.P.R., se geslaagde toer deur hul kiesafdeling. Die opkoms was glo wonderlik goed, en het glo gevarieer van 20 tot 300 mense. Ek weet nie of hulle die plekke waar net vyf mense opgedaag het, ook by tel nie.

In die verslag word melding gemaak van O.B.'s wat by die Party sou aangesluit het. *Ek kan met gesag van hoofkommandantskap F2a praat, en ek wil hier met nadruk verklaar dat geen enkele O.B. die Beweging bedank en by die H.N.P. aangesluit het nie.* Op die vergaderings het adv. Strydom soos altyd samewerking met mede-Afrikaners heftig afgekeur.

Vir die afgelope drie jaar het mnr. Bakker Zandfontein nog nooit besoek nie, nieteenstaande die herhaalde versoeke van die ouers. Die skool op Zandfontein is 'n ware krot. Enigiemand wat binne die grense van die Waterbergkiesafdeling kom, sal dadelik kan sien dat hy nou in die Waterberg-afdeling is. Van die parlementêre verteenwoordiger het die boere in Waterberg nog niks ontvang nie.

Mens kan die verteenwoordigers van Waterberg ook nie kwalik neem nie, want die een is mos 'n advokaat en die ander 'n apteker, en nou verteenwoordig hulle boere! Dit is onbillik om iets van hulle te verwag. — (Verkort, Red.)

## OORLOGSMISDADIGERS

Mnr. W. A. Potgieter, P.K. Boskuil, skryf:—

Ek veronderstel dat die vyandiggesindes oor die hele wêreld met genoeë die uur van teregstelling van die sogenaamde „oorlogsmisdadigers" aanskou het.

Dink terug aan die foto's in Die O.B. waar Herman Göring sy klein dogtertjie liefkosend in sy arms vertoon. Met hom is nog die ander ongelukkige „oorlogsmisdadigers".

Wie is die werklike oorlogsmisdadigers? Het elkeen nie die reg om vir sy eie land te veg nie? En as hierdie manne nie die reg het om vir hulle land te veg nie, waar kom die Engelsman aan die reg om vir drie lange eeue sy neus in die sake van die hele wêreld te steek?

Die Afrikaner het nie die reg gehad om twee klein Republieke te besit nie. Die Duitser het nie die reg om vir hom 'n eie regeringsvorm te kies nie, maar die Engelse en Jode kan hom met ander lande se sake inmeng net soos hulle wil.

Indien die geweldenaars met hulle Lord Justice en al vandaag saam met die tereggestelles voor die regterstoel van God gedaag sou word, sou hulle bereid wees om daar te verskyn?

Aan die brawe Geallieerdes sê ons: Voer maar die stryd teen magtelose, oorrompelde figure. Onthou goed, daar sal 'n dag kom wanneer julle sal moet boet vir die onreg wat julle in die verlede gepleeg het.

Op elke gebied waar die oorlog in eweredige magte aan weerskante gevoer is, het die Geallieerdes halsoorkop teruggeval. Om 'n man 'n pak te gee moet beide sy hande en voete vir hulle stewig vasgebind wees.

Hiermee doen ek as Afrikanerseun 'n beroep op my mede-Afrikaners: Laat ons 'n begin maak om die rooi juk met Jan Smuts en al van ons skouers af te gooi. Laat vaar haat en twis, ons is almal Afrikaners.— (Verkort, Red.)

## NUWE SKALE VERWELKOM, DOG NIE TOEPASSING

Die nuwe salarisskale van onderwysers in Kaapland soos aangekondig deur die Provinsiale Administrasie hou in die algemeen aansienlike verhogings van die maksimum skale van onderwysers en skoolhoofde in. Op klein uitsonderings na is die skale in al vier provinsies nou dieselfde. Die skale sal met ingang van April 1946 van krag wees. Dit maak ook voorsiening vir die salarisskale van nie-blanke onderwysers.

Hoewel onderwysers oor die algemeen tevrede met die nuwe skaal is, voel hulle egter ernstig gegrief oor die wyse waarop dit moontlik toegepas gaan word. In hierdie verband het die gesamentlike raad van die S.A.O.U. en die South-African Teachers Association verklaar dat die metode van toepassing heeltemal onaanneemlik is, daar dit diskriminasie beteken teen diensdoende onderwysers.

Die aanpassing van die nuwe skale by die oues sal in werklikheid daarop neerkom dat ten koste van diensdoende onderwysers besuinig word ten einde rekrute vir die beroep te werf met gunstige vooruitsigte.

## CHRISTENDOM ?

Mev. F. Loubser, Kakamas, skryf:

Ons was gedurig vertel dat die Geallieerdes die oorlog voer vir die sogenaamde beskawing en Christendom. As die onlangse skouspel op Neurenberg 'n voorbeeld daarvan is, is ek geneig om te sê, soos 'n Oosterling eenmaal van die Westerse beskawing gesê het: „Gee my julle **Christus**, maar nie julle **Christendom** nie!"

## IMMIGANTE

Vreemdeling, Stellenbosch, skryf:

Dit skyn as of die immigrasie-politiek van die huidige regering met erns deurgevoer gaan word. Om daarteen te skop is onsinnig. As die regte klas immigrant deur die kommissies uitgesoek word, sal dit tot ons voordeel strek. Ons moet ons plig teenoor hierdie nuwelinge nakom, en sorg dat hulle onder ons welkom en tuis gemaak word.

Oral moet daar komitees van Afrikaners gestig word om die assimileerbare immigrante te verwelkom in Afrikanerkringe. Hulle moet gehelp word om Afrikaans te leer, sodat hulle deur die taal tot ware Afrikaner-denkende mense gemaak kan word.

Dit is miskien die rede waarom so baie Afrikaners selfs onder ons verengels, omdat die Afrikaner in so baie dorpe 'n vreemdeling aan die vreemdelinge in hul eie dorp en distrik oorlaat. Hoeveel te meer sal 'n uitlander as gevolg van ons nalatigheid verengels word?


'n WAARBORG . . .

Produkte wat deeglik gemaak is, is altyd 'n voordelige belegging . . . Volg die voorbeeld van duisende beleggers— koop Kommando-sigarette.




RONDE
Kommando
-SIGARETTE
OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES
B.H. 2369

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
Werda Meubelhandelaars,
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

VRA BY SPOORWEGBOEKSTALLE VIR
WAPENSKOU
Dit gee 'n kritiese nuusbeskouing van Suid-Afrikaanse sowel as internasionale nuus.
WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF
Intekening 12/6 per jaar by Wapenskou,
Bus 28 STELLENBOSCH


TELEURGESTELD?
Was u miskien laaste jaar teleurgesteld toe u Kersfeesdrankies te laat aangekom het? Moet nie laat dit weer vanjaar gebeur nie. U kan nou-al seker van u drankies maak deur vandag u bestelling in te stuur. Vermeld die datum waarop u verlang dat afgestuur moet word, en dit sal op tyd afgelewer word.
MAAK GEBRUIK VAN HIERDIE GELEENTHEID EN VOORKOM TELEURSTELLING ! !

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Port .. .. .. .. | 2/6 | |
| Rooi en Wit Jeripiko .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey . | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. | 2/3 | — |
| „Cocktail" .. .. .. | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Swartberg Sjerrie .. .. | 2/6 | |
| Boergonje (Rooi) .. .. | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit .. | 1/6 | — |
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante .. .. | 10/- | — |
| Vonkel Boergonje (Droog) | 8/6 | |
| Grande Splendore .. .. | 7/6 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Aurora V.S.Q. (slegs 3 bottels per bestelling | 10/- | |
| Royal .. .. .. .. .. .. | 8/6 | |
| Eureka .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.I .. .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment, Piesang, Appelkoos of Perske | 7/- | |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer, Anys, Naeltjies | 6/6 | |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

VOORWAARDES: (1) Voeg by 20/- of 5/- per vaatjie en kissie met bottels respektiewelik. Hierdie depositos word dadelik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald Vlakteplaats-Stasie. (2) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gellings (of 'n gelystaande hoeveelheid. (3) Alle bestellings Kontant of K.B.A. u naaste Stasie.
MOET NIE VERGEET OM DIE DATUM WAAROP U VERLANG DIT AFGESTUUR MOET WORD IN U BRIEF TE NOEM NIE.
EXCELSIOR WYNMAKERY
(Edms.) Bpk.
VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)

*VIR DIE VROUE*



**BED VAN TOEKOMS:** Hierdie bed word deur middel van elektriese lugreëling in staat gestel om 'n mens in die winter warm te hou en in die somer koel. Jy draai net 'n knoppie om die gewenste graad van warmte vir die omstandighede te verkry.

# Moenie Voedsel Vermors

Voedsel is vandag regtig glad te duur vir ons om toe te laat dat enigiets wat eetbaar is, verlore gaan. Ons moet leer om die allerbeste gebruik te maak van voedsel wat tot ons beskikking is. Op allerlei maniere word onekonomies met voedsel gewerk en dit veroorsaak 'n verlies van duisende ponde elke jaar: by die aankoop van voedsel, by die stoor daarvan, en veral by die voorbereiding daarvan vir die tafel, sondig ons almal.

**Nie baie hanteer nie:** Eienaars van groente- en vrugtewinkels het baie skade deurdat kopers die produkte gedurig hanteer en kneus om die kwaliteit daarvan te oordeel. Aan die ander kant moet uself oordeelkundig koop. In 'n vorige artikel het ons gesels oor die kenmerke waarna u moet oplet by die aankoop van voedsel. Onthou dis relatief goedkoper om in groot hoeveelhede te koop, maar dis baie onverstandig as die helfte van die produkte gaan bederf voordat u dit kan gebruik.

Meeste groente en vrugte bederf as dit te lank gestoor word, tensy u dit in 'n koelkas hou en daar is nie altyd genoeg plek voor nie. U weet natuurlik dat die lug in 'n koelkas wel koud is, maar droog en gevolglik sal blaargroente en oorskietvoedsel verlep en uitdroog tensy u dit in bedekte houers (b.v. vrugteflesse) het — en die koelkas kan ook nie voedsel onbeperk goed hou nie.

Voordat u die weeklikse inkope doen behoort u baie seker te maak dat u presies weet wat daar wel in die huis is, want dan sal u niks onnodig koop nie. Tussen hakies, u sal uself baie moeite en ongerief spaar as u dit u reël maak om weekliks u inkope te doen en nie elke dag 'n bietjie goed van die winkel laat kom nie. Daarom is dit ook 'n goeie plan om maaltye 'n paar dae voor die tyd te plan.

**SKIL DUN**

Dis egter veral by die voorbereiding van voedsel — die werk wat gewoonlik uitsluitlik aan die genade van bediendes oorgelaat word — wat so baie voedsel en voedingswaarde vermors word.

Groente en vrugte verloor altyd in meerdere of mindere mate voedingswaarde as dit gaargemaak word en daarom moet u soveel moontlik rou produkte gebruik. Veral nou in die warm somermaande is vrugtedranke en slaaie weer baie populêr — maak dit egter net voor bediening want deur die gesnyde oppervlakte van vrugte en groente aan die lug bloot te stel verloor dit ook voedingswaarde. Kook groente in 'n klein bietjie kokende soutwater, net tot dit sag is (nie langer nie) 20—30 minute is lank genoeg vir meeste groente en as daar bietjie groentewater oor is, gooi dit in die soeppot want sekere voedingstowwe los op in die water. En natuurlik gooi u nooit koeksoda by groente nie!

Skil dun as nodig, of kook met skil en al indien moontlik — baie voedsel, wat nog vassit in die skil, beland in die vuilgoedblik. En as u boontjies haar, moenie omtrent 'n duim by die ente afsny nie! Dis ook nie nodig om so baie buiteblare van kool en slaai af te breek nie — alleen die wat verlep of gebrand is.

**Die bietjie kos wat oorskiet:** Met die beste wil van die wêreld kan mens nie verhoed dat daar soms voedsel van 'n maaltyd oorskiet nie. Die huisvrou kan darem haar familie se kapasiteit en sal probeer om haar hoeveelhede so te neem dat daar niks oorskiet nie — dikwels is dit egter onvermydelik maar dan moet u nie die bietjie groente somaar vir die hoenders gee of in die vuilgoedblik gooi nie. 'n Mens kan tog sulke lekker geregte maak as jy net bietjie wil dink. En is dit nie 'n uitdaging vir uself om 'n aantreklike aandskotteltjie te maak van middagkos wat oorgebly het nie?

Het u al probeer om tamaties te vul met gemengde oorskietgroente en dan met roosterbrood bedien? Hol die tamaties uit, meng groente, bietjie van die pulp en bietjie gerasperde kaas, sit die vulsel terug in die dop met stukkie botter bo-op, bak 'n rukkie in oond, en bedien met of sonder 'n witsous en geur dit lekker. Voeg hierby fyngesnyde oorskietgroente en vleis en bedien warm op gesmeerde roosterbrood. Die moontlikhede is regtig onbeperk as u net bietjie oorspronklikheid aan die dag wil lê!

**WAT VAN BROOD?**

Ons hoor vandag baie van die noodsaaklikheid om spaarsaam met brood te werk. Dis egter 'n feit dat daar oneindig baie brood vermors word deur snye brood wat onnodig gesny is, uitdroog en onsmaaklik word. As u toebroodjies maak, smeer dit goed tot op die korsie anders is die versoeking baie groot om die droë korsies weg te gooi. Wanneer daar wel stukkies brood oorbly kan u dit in 'n koel oond uitdroog en krummel. Hierdie brood-krummels maak weer lekker poedings of kan gebruik word in aandgeregte.

'n Spaarsame huisvrou is nie alleen spaarsaam as sy spandeer nie, maar spaarsaamheid straal deur in haar hele huishouding, ook in die voorbereiding van maaltye. Maar hoe dikwels vee die spandabele huisvrou by die agterdeur uit wat haar man by die voordeur inbring!

## *Versorg U Klavier*

'n Goeie klavier is vandag 'n gesogte artikel en die besitter daarvan behoort dit goed op te pas om lank diens daaruit te kan kry.

'n Klavier behoort nooit teen 'n buitemuur te staan nie aangesien klammerigheid dit beskadig. Terloops, daar is nog ten minste twee ander meubelstukke wat altyd teen 'n binnemuur moet staan, nl. die linnekas en boekrakke. Hitte bederf ook 'n klavier en daarom moet 'n klavier nie naby 'n kaggel staan nie.

Mens kan gewoonlik nie die versoeking weerstaan om ornamente of ander artikels op 'n klavier te sit nie — moet in ieder geval liefs nie blomme op 'n klavier sit nie, want water wat gestort word kan baie nadelig wees. Moet ook nooit u klavier laat oopstaan nie want stof wat opgaar tussen die note bederf die klank.

Stof die klavier gereeld goed af en hou 'n sagte doek oor die note. U kan weekliks meubelpolitoer aan die hout smeer en dit mooi blink poets en terselfdertyd ook aandag gee aan enige metaaldele. Van tyd tot tyd behoort die voorste los dele uitgehaal te word en alles ook binne deeglik afgestof te word.

Vlekke op die wit note kan u verwyder deur met suurlemoensap te vryf. Gebruik 'n bietjie soetolie vir die swart note en vryf blink. Laat die klavier gereeld stem.

## *Het U Dit Al Probeer?*

Mev. H. Hattingh van Port Elizabeth stuur o.a. die volgende twee resepte wat sy kan aanbeveel.

**ROSYNEBROOD**

Meng: 1 k. rosyne, ½ k. dadels, 1 k. suiker en 1 eetlepel botter.

Gooi hieroor 1 k. kookwater waarin daar 1 teelepel koeksoda opgelos is en laat staan 15 minute.

Sif 3 k. meel en sout (gooi semels terug) en voeg by mengsel as ook 1 eier ongeklits. Meng deeglik, voeg laaste 1 teelepel bakpoeier by en bak in broodpan vir 1 uur.

**KARAMEL-TERTVULSEL**

Karameliseer 1 k. suiker met 1 eetlepel botter en voeg dit by 1½ k. warm melk. Gooi die mengsel op die goedgeklopte geel van 2 eiers en kook tot dit dik word. Klits die eierwit styf en vou in mengsel as dit afgekoel het. Keer uit op 'n gaar kors.

## BARBERTON IN £130

BARBERTON: Die Barbertonse manne- en vrouekommando's het op Saterdag, 7 Sept., 'n gesamentlike funksie op die plaas Kristal gehou.

Die hoofdoel was die insameling van fondse, en die mooi bedrag van £130 is baie bemoedigend. As die klein ledetal van ons kommando's en ook die lang afstande wat deur sommige brandwagte moes afgelê word, in aanmerking geneem word, dan is die opbrengs eenvoudig wonderlik.

Nie alleen is ons fondse gestyf nie, maar die saamhorigheid is versterk, en die gees was weer soos in die verlede, eensgesind en gesellig.

Hfgnl. J. Vorster van die Oosrand het die aanwesiges toegespreek en sy woorde word baie waardeer. Dit was ook aangenaam om hfgenl. Wiid en genl. Kritzinger teenwoordig te hê.

Die vroue en ook baie van die mans het mooi en nuttige dinge gemaak vir verkoop, wat dan ook baie gou uitverkoop was. Hoewel min in getal het die Jeug ook hul deeltjie bygedra.

Vir die ordelikheid en ander reëlings die dag het die Kommandowag alle eer.

## *„KAMERAADSKAP ONDERVIND”*

Genl. C. Meyer, vrouehoof van die Vrystaat, wat so pas 'n ernstige operasie ondergaan het, skryf:



GENL. C. MEYER.

Daar ek nog nie in staat is om baie briewe te skrywe nie, wil ek graag deur middel van Die O.B. offisiere en Brandwagte van Gebied C baie hartlik bedank vir briewe, telegramme, telefoonboodskappe, blomme, vrugte en ander eetware ontvang tydens my verblyf in die Nasionale Hospitaal te Bloemfontein. Ontvang my innige waardering vir elke besoekie, veral die vroue van Bloemfontein wat my elke dag besoek het.

Ek is veral dank verskuldig aan komdte. H. S. van Rooyen en gesin vir huisvesting van my gesin en aan hfkomdt. Richter en familie by wie ek vir 'n paar dae kon vertoef om aan te sterk.


Werklik, dis maar net in die Ossewabrandwag dat 'n mens soveel liefde en kameraadskap kan ondervind.

Ek is dankbaar om weer tuis te wees en hoop dat algehele herstel spoedig sal volg.

## BETUIG MEEGEVOEL

Adj. Meno de Villiers van Brakpan berig dat die generaalsraad van Gebied E5 (genl. J. D. Heroldt) die volgende besluit oor Neurenberg geneem het:

„Hierdie raad van Boeresseuns en -dogters en nasate van die konsentrasiekampe betuig hul innigste meegevoel met die Duitse offisiere wat op so 'n barbaarse wyse vervolg, verhoor en veroordeel is. Aan die agterblywendes bid ons toe: sterkte!”

DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER!

*SPAAR MOEITE en laat Spesialiteite u wasgoed doen*


● *WAS* ● *DROOGSKOONMAAK* ● *KLEUR*

*Adres: Hugenootstasie, Paarl (Goedere halftarief)*

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35 DIE PAARL Foon 214

(1)



Op die maat van vrolike marsmusiek het die Pretoria-gener aalskap vanaf Kerkplein deur die strate van Pretoria na Stasieplein marsjeer om hulde te bring aan die nagedagtenis van Paul Kruger. Die foto toon een van die afdelings van die Ossewabrandwag wat aan die optog deelgeneem het op 10 Oktober.

# Beleid Gegrond op Wraak

## Britse Soldaat spreek hom uit oor Duitsland

***'n Britse soldaat wat sedert die einde van die oorlog in Duitsland diens doen as transportryer en gevolglik elke dorp van enige betekenis besoek het, het tot die gevolgtrekking gekom dat die Geallieerde bestuur in Duitsland van dieselfde gehalte is as wat die Britse propaganda aan die Nazi-bewind toegeskryf het. Vir die Duitser, sê hy, kan dit nie voel of daar enige verskil tussen die vorige stelsel en die huidige bestaan nie.***

In 'n brief aan The Vanguard verklaar die soldaat dat dit opmerklik is dat die Geallieerde besetting 'n herlewing van die oRoms-Katolieke Kerk dwarsdeur Duitsland teweeggebring het. **„Hitler het die politieke invloed van die Roomse Kerk vernietig, maar sedert die omverwerping van die Nazi's blyk dit ongelukkig die geval te wees dat die beamptes in die Britse en Amerikaanse besettingsgebiede alles in hul vermoë doen om die verspreiding van Rooms-Katolisisme te bevorder."** Die skrywer verklaar dat hy self geen kerkman is nie, maar die ontwikkeling bloot objektief gadeslaan. Hy verklaar dat daar inderdaad 'n godsdienstige oplewing in Duitsland gekom het, maar dit is geheel en al Rooms-Katoliek.

### WRAAK

Wat die politieke aspek van die besetting betref, skryf hy: **„Ons huidige beleid in Duitsland skyn gegrond te wees op wraak en vernedering van die Duitsers, en die Joodse invloede hier en in die pers tuis sorg dat die vure van haat deeglik gestook word met hul leuens en verdraaiings van wat hulle voorgee in Duitsland plaasvind.**

„Baie van die Jode wat ek hier gesien het in betrekkings van die Britse leër, skep behae daarin om die Duitsers so dikwels as moontlik sleg te behandel en te verneder.

**Inderdaad tree hulle, insover hul optrede nie die gewone Britse soldaat te erg afstoot nie, presies net so op soos hulle die verwaande en wrede S.S. geskilder het en sover as moontlik probeer hulle om andere te beïnvloed om hul voorbeeld te volg.**

### GEEN REG

„Die gewone Duitser wat deur hierdie mense soms geslaan en altyd beledig en geboelie word, besef dat hy hulle nie kan gaan verklae met die geringste hoop om geregtigheid te verkry nie, aangesien **die militêre polisie die standpunt handhaaf dat geen Duitser enige reg teenoor 'n Geallieerde persoon het nie, en dat as 'n Duitser, hy moet lieg; of daar word algemeen deur die militêre polisie aangeneem dat hy nog nie 'n greintjie behandel word soos hy verdien nie.**

„Anders as die pers tuis glo ek nie dat die Duitsers ooit deur ons sogenaamde orde en geregtigheid in ons besettingsgebied beïndruk sal word nie. Daar bestaan net die hoop dat hulle so gewoond geraak het om deur hul eie polisie en offisiere geboelie te word dat hulle sal dink dit is maar die beloop van die ou wêreld en dat hulle dus geen rede het om te verwag dat die Britse stelsel beter as hul eie moet wees nie."

### „DIE VUILSTE"

Die soldaat verklaar dat hy geleentheid gehad het om verskeie kere die Jode wat in die konsentrasiekampe by Belsen aangehou word, te besoek. **„My indrukke van hierdie persone, van wie die meeste Jode is, is dat hulle die vuilste, luiste en mees nuttelose versameling van mense is wat moontlik gevind kan word. Die meeste van hulle het nog nooit 'n steek eerlike werk in hul lewens verrig nie."**

„In werklikheid kan hulle nie eens hul woonkwartiere skoon hou nie, en op twee geleenthede wat ek daar was, en dit was nege maande na die bevryding, was die plek absoluut smerig en in 'n onbeskryflike onsanitêre toestand . . . "

### SWARTMARK

„Hierdie mense is geen bate vir enige land nie, skryf die soldaat. Hulle wil niks doen nie en alles moet vir hulle gedoen word. **„Al werk wat baie van hulle het, is om te plunder, te steel en op groot skaal swartmark te bedryf, en saam met die Pole wat oorgebly het, wat nie Jode is nie, is hulle sedert ons aankoms hier in Duitsland verantwoordelik vir 95 persent van die wetteloosheid, diefstal en selfs moorde op Britse soldate. In stryd met die voorspellings van die Joodse pers is die Duitsers wetsgehoorsaam ten spyte van die feit dat hulle veel rede het om dit nie te wees nie."**

# Rusland Hou 3 Milj. Man Onder Wapen In Besette Europa

**Rusland het moontlik nog 200 gewapende divisies in die Europese besette lande, wat op oorlogsterkte verkeer „en 'n gevaar vir die vrede uitmaak."**

Oor hierdie ontstellende feit wou Winston Churchill verlede week duidelikheid in die Britse parlement gehad het. Hy het die regering versoek om inligting in hierdie verband te verstrek, en gevra of dit waar is dat daar nog 200 Russiese divisies in die besette lande aangehou word. Hierdie troepe sou van die Oossee tot by Weenen en van Weenen tot by die Swartsee gestasioneer wees en op oorlogsterkte verkeer.

„Dit is die vraag wat ek stel. Dit het van besondere belang geword as gevolg van die eerste minister se verwysing na ten volle gemobiliseerde magte wat 'n moontlike gevaar vir die vrede uitmaak," het Churchill gesê.

Die betrokke Britse Minister het Churchill se vraag ontwyk met 'n omhaal van woorde.

# Meer Duitsers Vir Wraakverhore

**Die Geallieerde wraakneming teenoor die Duitse volk en leiers het sy tweede fase binnegetree. 'n Aantal voormalige Duitse leiers en medici wat reeds lank in die interneringskamp was, is na Neurenberg vervoer waar hulle deur spesiale howe verhoor sal word.**

Onder hierdie persone is Otto Meisner, voormalige hoof van die Duitse kanselarye, Hans Lammers, sekretaris van die Duitse rykskanselier, Walter Darré, voormalige minister van landbou, Herbert Backe, Darré se opvolger, en veldmaarskalk Milch, voormalige onder-minister van lugvaart. Ander Duitse leiers onder wie graaf Von Krosigk, minister van buitelandse sake onder Dönitz, en minister van finansies onder Hitler, en Wilhelm Ohemsorge, minister van pos- en telegrafie, is van Dachau na Ludwigsburg gebring.

Volgens 'n nuwe bevel wat deur die Amerikaanse militêre regering goedgekeur is, kan voormalige leiers van die Spilmoondhede wat nie deur die „internasionale hof" te Neurenberg verhoor is nie, vervolg word.

**Die vonnisse van hierdie howe sal finaal wees en geen appèl sal toegelaat word nie.**

Gedurende November sal 23 Duitse geneeshere in Neurenberg verhoor word op aanklag dat hulle misdade teen die mensheid gepleeg het.

# Skrik Nou Vir ‚Comrade' Josef se Vetoreg

'n Sterk veroordeling van die manier waarop die Russe die vetoreg gebruik om vrye besprekings te belet in die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke, is verlede week deur pres. Truman en die Britse eerste minister, mnr. Attlee gedoen.

In die laerhuis het die Britse eerste minister verklaar dat Rusland die vetoreg as 'n propagandamiddel gebruik en daardeur die waardigheid van die Veiligheidsraad tot 'n nul reduseer. Hy het gewag gemaak dat die Veiligheidsraad tydens sy sitting in New York sal moet besluit oor die gebruik van die vetoreg.

Pres. Truman het by geleentheid van die opening van die Algemene Vergadering van die Vereginde Volke verklaar dat die vrede nie bestendig sal word deur die gebruik van die vetoreg of meerderheidsregte nie.

### MASSA-OPKOMSTE NA K.G.-VERGADERINGS

**Geweldige geesdrif het die vergaderings van die K.G., dr. Hans van Rensburg, verlede week gekenmerk in die Upingtonse generaalskap. Die publiek het massa-gewys opgedaag en sowel die K.G. as hoofgenl. De Wet Strauss en genls. Joubert en Gouws is met dankbare tevredenheid gevul. Die plekke wat besoek is, is Niekerkshoop, Groblershoop, Upington, Kanoneiland en Kakamas.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

Daar is 'n rede . . .

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid, beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000

BANKIERS

HOOFKANTOOR: PRETORIA